


# Bingo

**Benodigdhede:**

- Gebruik die aflaaibare hulpmiddel "Bingokaarte" wat uit 40 bingokaarte bestaan. Dit lyk soos volg:

| Speel bingo saam met VivA! | | |
|---|---|---|
| ure | x-straal | ysbeer |
| jakkals | * | hond |
| voël | petrol | wurm |



- Skryf die volgende lys woorde elkeen op 'n stukkie papier:
    - appel
    - bal
    - bene
    - cirruswolke
    - draak
    - engel
    - flamink

    - gala
    - hek
    - hond
    - insek
    - idee
    - jakkals
    - knoop
    - leer
    - masker
    - nartjie
    - ontbyt
    - petrol
    - quiche
    - roos
    - slang
    - tier
    - ure
    - voël
    - wurm
    - x-straal
    - xilofoon
    - ysbeer
    - zoem
- Gebruik ’n hoed of ’n ander leë voorwerp om die bostaande woorde daaruit te trek.
- Die leerders kan ’n merker (bv. ’n bottelproppie) of ’n pen byderhand hê.





**Doelwit van die spel:**

- Die doelwit is om ’n reguit lyn deur ’n ry woorde (hetsy vertikaal, horisontaal of diagonaal) te trek.
- Gedurende hierdie speletjie sal leerders ook die woorde op hul bingokaart moet “klank”, aangesien dit die leesstrategie is wat in vroeë grade gebruik word.

**Instruksies:**

- Die leerders ontvang elkeen een bingokaart.
- Verduidelik dat jy ’n woord gaan trek en indien daardie woord op ’n leerder se bingokaart voorkom, moet ’n lyn deur die woord getrek word of ’n merker daarop geplaas word.
- Verduidelik ook dat die eerste leerder wat ’n ry woorde (vertikaal/horisontaal/diagonaal) doodgetrek het die wenner is en “Bingo” moet uitroep.
- Die onderwyser gebruik die hoed / leë houer om een woord daaruit te trek.
- Laat genoeg tyd toe vir die leerders om die woorde op hul bingokaart te klank, terwyl hulle bepaal of hierdie woord daarop voorkom.
- Die speletjie eindig wanneer die eerste leerder “Bingo” uitroep.



